

DIE GENEESKUNDIGE FAKULTEIT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DEEL VAN DIE REDE GELEWER BY GELEENTHEID VAN DIE FORMELE OPENING VAN DIE
UNIVERSITEIT OP 2 MAART 1955

Deur PROFESSOR DR. H. B. THOM

Rektor van die Universiteit van Stellenbosch

Nadat dr. Thom na ander ontwikkelinge aan die Universiteit verwys het, het hy hom as volg uitgelaat:

Hier wil ek handel oor die Geneeskundige Fakulteit, wat, na ons stellig verwag, binne korte tyd aan die Universiteit van Stellenbosch sal bestaan. Dit is 'n ander nuwe rigting, waarvoor die Universiteit hom inderdaad reeds verskeie jare lank beywer en waarvoor daar versigtige, weloorwoë voorbereidingswerk gedoen is. Hierdie voorbereidingswerk van die Universiteit

moes noodsaaklikerwyse—soos dadelik begryp sal word—gekoördineer word met aktiwiteite, waarvoor die Universiteit geen beheer het nie, soos die beskikbaarstelling van die nodige hospitaalfasiliteite (wat onder beheer van die Kaaplandse Provinsiale owerheid val), en die owerheidsbeleid in verband met die subsidiëring van Universiteite (wat 'n funksie van die Unieregering is).

Laat ons kyk hoe dit tans met hierdie saak staan, en

laat ons, ten einde die juiste perspektief te kry, ook so 'n bietjie in die verlede terug gryp.

WENSLIKHEID VAN AFRIKAANSE OPLEIDING

Gepaardgaande met die nasionale bewuswording van Afrikaners en hulle vooruitgang op die verskillende terreine van die lewe, het by hulle ook die behoefte om hulle seuns en dogters in alle vertakkinge van die hoër onderwys deur middel van hulle eie taal te laat onderrig, steeds sterker geword. Die Universiteit van Stellenbosch, die eerste en oudste Afrikaanse universitêre inrigting, het hom reeds vroeg daarop toegelê om soveel moontlik in hierdie behoefte te voorsien. Ons verwys hier maar net na een baie belangrike stap in hierdie rigting, t.w. die stigting van 'n Fakulteit van Ingenieurswese, wat in die moeilike oorlogsjare in die lewe geroep is en, ten spyte van die groot struikelblokke waarmee ons te kampe gehad het, uitgebrei het en uitgegroeï het om een van die beste Ingenieursfakulteite in ons land te word.

Dit is maar net natuurlik dat die Afrikanervolk, net soos enige ander volk wat selfrespek en idealisme het, sal probeer om in alle vertakkinge van die lewe, en dus ook in die onderwys, die hoogste sport te bereik. Maar daarby kom nog die praktiese voordele wat die jong student geniet wanneer in die hoër onderwys voortgegaan word met dieselfde taalmedium as wat in die skole gebruik is: die taak van die jong student, wat reeds met nuwe en moeilike wetenskaplike vraagstukke te kampe kry, word dan nie nog meer bemoelik deurdat hy nou ook met taalmoeilikhede moet worstel nie. Dat ons eie Universiteit, die Universiteit wat só naby ons volk staan dat hy in werklikheid met die volk self ineengewewe is, al baie vroeg in hierdie behoefte probeer voorsien het, is seker nie moeilik om te verstaan nie.

Wat die opleiding van geneeshere betref, voel die Universiteit van Stellenbosch reeds lankal dat hy, in die lig van sy verlede en van sy taak as erkende Afrikaanse inrigting, 'n plig het om te vervul. Laat ek dit dadelik duidelik stel dat dit nie ons strewe is om noodwendig meer geneeshere te help oplei as wat tans opgelei word nie. As ons land met verloop van tyd meer geneeshere nodig het, sal ons wel graag ons bydrae daartoe wil lewer, maar ons het in werklikheid twee ander groot oogmerke.

Die eerste vloei voort uit wat reeds gesê is. Ons wil hier in die suide van ons land geneeshere deur medium van Afrikaans oplei, en ons wil hulle oplei in 'n omgewing en atmosfeer wat deur en deur Afrikaans is. Weliswaar is in hierdie behoefte reeds tot 'n beperkte mate deur die Mediese Fakulteit in Pretoria voorsien, maar daar is 'n groot aantal Afrikaners wat in Kaapland, en veral die Boland, woonagtig is, wat dit nie so maklik vind om hulle kinders na Pretoria te stuur nie en wat 'n Geneeskundige Fakulteit in die Boland van harte sal verwelkom.

Maar selfs nog afgesien hiervan, moet dit vir enige onbevooroordeelde beoordelaar duidelik wees dat wat geneeskundige opleiding betref, die Afrikaner vandag nog glad nie oor die fasiliteite beskik waarop hy met reg aanspraak kan maak nie. Daar is in ons land tans *een* Geneeskundige Fakulteit vir nie-blankes, maar dit laat ons voorlopig daar. Dan is daar *twee* fakulteite aan Engelse Universiteite met taalmedium Engels, teenoor

een fakulteit met taalmedium Afrikaans, en dit ten spyte van die feit dat sestig persent van die blanke bevolking van Suid-Afrika uit Afrikaners bestaan. Dit is in hierdie toestand van ongelykheid van fasiliteite dat die Universiteit van Stellenbosch wil help om 'n verbetering teweeg te bring.

Dan is daar ons ander groot oogmerk. Die sentimentele of kulturele behoefte weeg ongetwyfeld swaar, maar by die stigting van 'n nuwe fakulteit moet 'n Universiteit hom ook afvra of hy van sy kant 'n werklike bydrae tot die verspreiding van wetenskaplike kennis en tot wetenskaplike ondersoek sal kan lewer.

Nou spreek dit byna vanself dat 'n Universiteit soos dié van Stellenbosch, waar die universitêre tradisie en wetenskaplike studie en navorsing so sterk gevestig is, heel beslis 'n bydrae op mediese gebied te lewer sal hê so gou hy oor die nodige fasiliteite en materiaal beskik.

DIE GROOTTE VAN DIE FAKULTEIT

Maar in ons uitvoerige ondersoek na hierdie kwessie het ons gevind dat ons bowendien, om 'n besondere rede, 'n heel spesifieke taak te vervul sal hê. Dit het nl. geblyk dat aan die bestaande fakulteite die getalle studente baie groot is, selfs groter as wat aan die meeste bekende Amerikaanse Mediese Fakulteite die geval is, en heelwat groter as wat in Amerika as die gewenste getal vir 'n Mediese Fakulteit beskou word.

Wat Stellenbosch betref, wil ons uitdruklik sê dat ons geensins na groot getalle sal strewe nie. Ons sal eerder 'n betreklike klein getal studente verkies, sodat studente meer individuele aandag in hulle opleiding kan ontvang. Met 'n kleiner getal studente sal navorsingswerk, deur dosente en senior studente, ook veel meer tot sy reg kan kom. Ons glo stellig dat die Stellenbosse Fakulteit van die begin af sterk in die teken van navorsingswerk sal moet staan, want aan geneeskundige navorsing het ons land vandag 'n baie dringende behoefte.

Om op te som: ons wil dus nie noodwendig help om meer medici op te lei nie, maar ons wil veral daarna strewe om meer geleentheid vir die opleiding deur medium van Afrikaans te skep, en om in die studie en opleiding tot 'n groot mate vir individuele aandag en navorsing voorsiening te maak.

GEEN WEDYWERING

Terwyl ons Universiteit dan nou op die punt staan om tot hierdie nuwe terrein toe te tree, wil ons baie openhartig sê dat ons dit nie in 'n gees van kritiek teenoor ander, of van wedywering met inrigtings van dieselfde soort, sal doen nie. Intendeel, dit geskied in 'n gees van samewerking en met die oortuiging dat ons Universiteit wel 'n bydrae—hoe beskeie dit aan die begin ook al mag wees—te maak het tot die uitbreiding en verspreiding van kennis van die mediese wetenskap en tot die studie en oplossing van mediese vraagstukke in Suid-Afrika. Daarom sal ons ook van harte daarna strewe om op 'n gesonde grondslag saam te werk met ander mediese skole sowel in ons land as buite ons grense.

Soos miskien nie onverwags was nie, het daar 'n mate van kritiek op ons voornemens en planne ontstaan. Hierdie kritiek het veral betrekking gehad op die feit

dat die Fakulteit, wat sy hospitaalfasiliteite betref, in die Kaapse Skiereiland beplan word. Daar is aangevoer dat die Skiereiland nie oor genoegsaam kliniese materiaal vir twee mediese skole sou beskik nie. Hierop het ons geantwoord deur die versekering te gee dat ons niks van die fasiliteite van die bestaande mediese skool sal wegneem nie, en dat die ontstaan van ons fakulteit volkome afhanklik gemaak word van die verskaffing van nuwe, of addisionele, fasiliteite. Ons het bowendien daarop gewys dat die Kaapse Skiereiland met sy bevolking van 600,000, wat ook nog steeds vermeerder, sonder enige twyfel voldoende kliniese materiaal vir twee mediese skole oplewer, en dat daar selfs 'n groot aantal mediese skole is, trouens selfs van die allerbestes, wat hulle kliniese materiaal uit veel kleiner bevolkingsbronne trek as dié wat vir elkeen van ons skole beskikbaar sal wees.

Teen ons antwoorde val daar niks in te bring nie, en daarom is dit nie vreemd dat hierdie kritiek vandag nie meer gehoor word nie. Wat meer is, ons kritici erken vandag dat die beskikbare bevolkingsbron groot genoeg vir twee mediese skole is; en hulle aanvaar ook dat die Stellenbosse Fakulteit op die punt staan om werklikheid te word.

Hoe dit sy, ons is ons volkome bewus van die probleme wat daar op ons weg lê. Maar ons is ons ewe bewus van die groot moontlikhede waarvoor ons staan, en ook ewe bewus van die noodsaaklikheid dat ons as Afrikaanse inrigting ons plig doen om die nodige fasiliteite vir opleiding in die medium van ons moedertaal te verskaf. Aan die buitewêreld het ons reeds gesê, en hiermee wil ons dit nou by herhaling sê, dat ons geensins van voorneme is om ons plig te ontduik en dit op die skouers van ander te plaas nie, maar dat ons vasbeslote is om dit self te doen.

Vyf jaar het verloop sedert ons die saak aangepak het. Dit was vyf jaar van planmatige, intensiewe voorbereidingswerk. Ons is egter tans gelukkig in staat om deurslaggewende vooruitgang te rapporteer. Met die insameling van fondse het dit goed gegaan. Ons beskik wel nog glad nie oor al die fondse wat ons nodig het nie, maar private individue, en sake- en ander liggame oor die hele land het mooi bygedra, en ek vertrou stellig dat die verslag wat ek vandag hiermee lewer, daartoe sal bydra om nog verdere fondse te laat binnekom.

HOSPITAALFASILITEITE

Ook met die organisatoriese voorbereiding van die Fakulteit self is daar gewigtige en besliste vooruitgang gemaak. Die Provinsiale Administrasie van Kaapland het ons verlof verleen om die nuwe hospitaal by Bellville vir opleidingsdoeleindes te gebruik, en die Administrasie werk hartlik met ons saam om die nodige fasiliteite daar te verskaf. Na onderhandelings tussen die Provinsiale Administrasie en die Universiteit het die Administrasie ook besluit om die groot nuwe hospitaal, waaraan daar in die Skiereiland reeds lank 'n dringende behoefte bestaan en wat naby die Parow-stasie gebou sal word, aan die Universiteit as 'n opleidingshospitaal beskikbaar te stel. 'n Groot, geskikte perseel vir hierdie hospitaal is ook reeds gevind, en met die werk van beplanning van die hospitaal en bygaande geboue is reeds 'n begin gemaak.

Dit kan dan beteken dat die Universiteit die Bellville-hospitaal slegs tydelik sal gebruik, om dan later na die groot opleidingshospitaal by Parow oor te skuif.

Die hospitaal by Bellville sal in die loop van volgende jaar voltooi, en van personeel voorsien wees. As ons dan nog 'n jaar toelaat sodat alles in volle, normale werking gebring kan word, en die nodige fasiliteite vir mediese opleiding voorsien kan word, dan beteken dit dat alles teen die einde van 1957 gereed kan wees. Studente in die geneeskunde sou dus van die begin van 1958 af in hierdie hospitaal kliniese werk kan doen. Aangesien hierdie kliniese werk in die derde jaar van die mediese kursus nodig is, beteken dit dus dat die Universiteit van Stellenbosch, volgende jaar, 1956, met sy geneeskundige opleiding sou kon begin.

Ons planne is dan ook hierop gemik. Die Universiteit is tans besig om verhoë tot die Regering te rig, en as die Regering ons planne goedkeur, en die nodige finansiële en ander reëlings wat nog oorbly, getref kan word, is dit ons voorneme om ons eerste mediese studente aan die begin van volgende jaar in te skryf. Daar sal vanselfsprekend nog veel gedoen moet word, vóór en nadat ons 'n begin gemaak het, om ons organisasie in die haak te kry. Die nodige geboue sal bv. opgerig moet word soos hulle benodig sal wees, en leerkragte en tegniese assistente sal verkry moet word. Ons maak ons geen illusies omtrent die omvang en aard van hierdie probleme nie, maar ons is vol vertroue—en, na ons meen, geregtigdigde vertroue—dat hierdie probleme met verloop van tyd almal opgelos sal kan word.

Inmiddels rig ek 'n uitnodiging aan almal wat ons op die een of ander wyse behulpsaam kan wees, om aan ons nie hulle bystand te weerhou nie. Dit geld o.a., en inderdaad in hoë mate, vir tegniese-opegeleide persone, wat die een of ander besondere belangstelling het en met sekere aspekte van geneeskundige opleiding sou kon help. Die Universiteit is reeds besig om verkenningswerk met betrekking tot benoemings in die verskillende poste te doen, en hoe gouer en hoe meer ons lig op die moontlikhede hiervan kry, hoe makliker sal dit met die ewentuele vulling van die poste gaan.

SLOT

Ek moet afsluit. Laat my toe om by wyse van slot net dit te sê: Die Universiteit van Stellenbosch het van die begin van sy bestaan af tot vandag toe die wetenskap gedien, en deur sy diens aan die wetenskap het hy die gemeenskap gedien. Hy het dit gedoen deur middel van die ou studierigtinge wat reeds lank al aan die Universiteit bestaan, en hy het dit ook gedoen deur middel van die nuwe ontwikkelinge waarvan ek vandag hier melding gemaak het. Deur ander ontwikkelinge en deur die stigting van 'n geneeskundige fakulteit sal ons Universiteit nog veel meer in die diens van ons land en ons volk geplaas word as wat tot nou toe die geval was. Laat ons almal op hartlike wyse ons samewerking gee: ons eerstejaar-studente, ons senior studente, ons dosente, laat ons almal ons bydraes lewer. As ons dit doen, kan ons seker wees dat die publiek nog steeds waardering

teenoor ons Universiteit sal bewys, en, wat meer is, dat ons ook steeds die plek in die harte van ons mense sal behou wat ons deur jare van diens verower het.

[Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J. H. Viljoen, het enkele dae gelede die Regering se goedkeuring van die Universiteit se planne om in 1956

te begin, in die Volksraad aangekondig. Die kroon is dus geplaas op vyf jaar van harde werk om alle voorbereidsels te tref, en volgens 'n pers-onderhoud met dr. Thom (Die Burger, 28 Maart) het 'n hele aantal studente reeds aansoek gedoen om toelating tot die mediese kursus.]